

Sing vooraf staande: Psalm 81:1, 6, 7 (p. 411)

- 1 Laat ons nou die HEER / wat sy volk verbly het / deur sy sterkte, eer!
Hom, die grote God, / wat weer feesgenot / vir sy volk berei het.
- 6 Ék was 't wat hul juk / eind'lik opgelig het / toe hul, hard gedruk,
hand en skouer vas / aan die draerslas, / slawediens verrig het.
- 7 Jul 't geroep, en my / antwoord was 'n wonder; / om jul uit te lei,
het uit onweerskuil, / waar die dreunings skuil, / my bevel gedonder.

Ek slaan my oë op na die berge: waar sal my hulp vandaan kom? My hulp is van die HERE wat hemel en aarde gemaak het.

Genade en vrede vir julle van Hom wat is en wat was en wat kom, en van die sewe Geeste voor sy troon, en van Jesus Christus, die geloofwaardige getuie, die eerste wat uit die dood opgestaan het, die heerser oor die konings van die aarde.

Amen.

Loflied: Psalm 98:1, 3 (p. 488)

- 1 Sing nuwe lof aan God die HERE, / die God wat wonders het gedaan;
sy regterhand, vol sterkte^{en} ere, / sy heil'ge arm bring redding aan.
Hy het sy heil en alvermoë / die volkere alom gemeld;
geregtigheid blink voor hul oë / soos sonnestrale^{oor} berg en veld.
- 3 Laat by die psalm, in vreug gebore, / jul harp en stem Hom loof en dank;
laat opklink deur jul tempelkore / trompette en basuingeklank!
Laat vreug die HEER se huis deurbewe, / want groot is Isr'els Vors en HEER;
die see en alles wat daar lewe, / die ganse wêreld moet Hom eer!

Geloofsbelydenis: Nicea

Wet

Psalm 69:1, 2, 8 (p. 342) (op die tweede melodie van Ps 59 p. 289)

- 1 Help my, o God, want ek vergaan! / Ek het in modder ingegly / waar daar geen staanplek is vir my;
en oor my storm die waters aan. / Ek roep my hees, my oog versmag, / waar ek vergeefs op U bly wag.
- 2 Meer as die som wat ek kan tel, / en meer as my geringe krag, / vermeerder hul in tal en mag
wat my, onskuldig, neer wil vel. / Hul laat my sonder oorsaak boet. / Dit jaag en storm deur my gemoed!
- 8 Aanskou my in barmhartigheid: / dit is vir my benoud en nou. / Verhoor my, HEER, verhoor my gou,
en maak dit om my heen weer wyd. / Die skande^{en} smaad wat my onteer,
my vyand self, U ken hul, HEER.

Gebed

Psalm 42:1, 4, 7 (p. 214)

- 1 Soos 'n hert in dorre streke / skreeuend dors na die genot
van die helder waterbeke, / skreeu my siel na U, o God!
Ja, my siel dors na die HEER, / na die Lewensbron; wanneer
sal 'k, ná swerftog en benouing, / God weer sien in klare^{aans}kouing?
- 4 'k Dink aan God in donker dae / uit die land van die Jordaan;
Hermon hoor my kerme^{en} klae, / met die klein gebergte, aan.
Weedom gryp my binneste^{aan}, / as u water oor my gaan,
as ek, in my smart bedolwe, / wegsink in u watergolwe.
- 7 O my siel, waarom onrustig? / En wat buig jy jou in my?
Waarom in Gods lof onlustig / as dié spotstem jou bestry?
Menigmaal het Hy jou druk / laat verwissel in geluk.
Hoop op God, in Hom weer rustig! / In sy lof sal 'k my verlustig.

Skriflesing: Lukas 24:1-12

Kernverse: Lukas 24:5b-8

**Toe sê die manne vir hulle: “Waarom soek julle die Lewende by die dooies? Hy is nie hier nie. Hy is uit die dood opgewek. Onthou hoe Hy met julle gepraat het toe Hy nog in Galilea was en gesê het: Die Seun van die mens moet uitgelewer word in die hande van sondige mense, gekruisig word, en op die derde dag opstaan.”
Toe het hulle sy woorde onthou. (Lukas 24:5b-8 AFR83)**

Tema: Het die lewe nog vir jou sin?

Geliefdes in ons Here Jesus Christus, het jou lewe nog vir jou sin? Het die lewe hoegenaamd nog sin vir enigiemand? Julle sal nou tereg kan vra: Maar watter negatiewe gesindheid is dit nou met jou? Die lewe het mos sin. Goed, as die lewe dan sin het, watter sin het dit vir jou. En nou moet ons nie katkisasie-antwoorde uitdink nie. Kom ons sê wat uit ons hart uit kom as ons sê watter sin die lewe nog vir ons het.

Wanneer ons eerlik is met onself dan lyk dit vir my asof baie mense in ons land – selfs gelowiges – nie meer die sin van die lewe insien nie. Alles karring mos maar net aan. Entoesiasme ontbreek. Ons doen dinge, maar dit lyk baie maal asof ons dit sommer maar net doen. Daar is nie koers in wat ons doen nie. Ons doen sommer maar net, want dit voel vir ons reg om dit te doen, want ons moet dit nou maar doen, want ons wil tog nou net klaarkry waarmee ons besig is. As dit die rede is waarom ons enigiets in ons lewe doen, moet ons onself weer ernstig afvra: Wat is die sin hiervan?

Om te verstaan hoekom Maria Magdalena, Johanna en Maria, die ma van Jakobus, en die ander vroue saam met hulle nie die sin van alles kon begryp het op daardie Sondagoggend nie, moet ons teruggaan na die dae vooraf. Dit was nie net die oop en leë graf wat hulle so deurmekaar gemaak het dat hulle nie geweet het wat om daarvan te dink nie. Omtrent alles wat van die Donderdag af gebeur het, het hulle verwar.

Hierdie vroue het Jesus van Galilea af gevolg omdat hulle oortuig was dat Hy 'n goeie Leermeester is. Vir baie van hulle het Hy wonderlike verlossing gebring. Onder andere het Jesus sewe duiwels uit Maria Magdalena uitgedryf. Ondanks wat baie ander mense van Jesus gesê het, het hulle vas geglo dat Hy die beloofde Messias is.

Toe hulle daardie Donderdag in Jerusalem aangekom het, het die vroue hulleself besig gehou, want Jesus het met sy twaalf dissipels alleen in die bovertrek die pasga gaan vier. Van alles wat aan daardie tafel gebeur het, het hulle aanvanklik nog niks geweet nie. Hulle het nie toe al geweet dat Jesus die nagmaal by daardie tafel ingestel het nie. Hulle het ook nie geweet van Judas Iskariot, een van die twaalf, wat skielik daar uit is nie. Dit was seker iewers laat in daardie nag of miskien eers die Vrydagoggend baie vroeg dat hulle gehoor het: Judas het vir Jesus verraai.

Wat kon dit tog beteken? Hulle het nie geweet nie. Wat het Judas besiel om vir Jesus aan die Joodse owerheid oor te lewer? Hy het mos geweet hoe die priesterhoofde, die familiehoofde en die skrifgeleerdes Jesus verag het. Wat het hy nou daaruit gekry om Jesus aan hulle oor te gee? Later het hulle gehoor die Joodse owerheid het aan Judas dertig silwermuntstukke gegee om Jesus aan hulle uit te lewer. Party het onder mekaar begin mompel: Ja, ek wou nog altyd sê dat die Judas 'n geldgierige ou was. Waarom sou hy dit nou anders wou gedoen het?

En geliefdes, as die vroue nie die sin van hierdie dinge kon begryp nie, sou die dinge wat verder in die vroeë oggendure van daardie Vrydag en later deur die dag gebeur het, hulle net nog meer deurmekaar gemaak het. Waarom het die Joodse Raad op so 'n ongewone tyd – in die nag – skielik bymekaargekom om hulle Here te ondervra? Hoekom moes Jesus voor die Romeinse owerheid

verskyn op aanklagte waaraan hulle geweet het Hy nie skuldig is nie? Wat het die Jode daaruit gekry toe hulle die Vrydagoggend aanhoudend vir Pilatus geskree het om vir Jesus te kruisig?

Alles het van daardie Donderdagaand af so vinnig en deurmekaar gebeur dat die vroue nie die sin daarvan kon insien nie. Uiteindelik is Jesus gekruisig. Sommige van die vroue was daar op Golgota toe alles gebeur het. Party was so uit die veld geslaan oor wat vroeër gebeur het dat hulle eenkant verdwaas gesit het en eers later van al die wreedheid op Golgota gehoor het. Hulle het onder andere gehoor dat Jesus by geleentheid uitgeroep het: **My God, my God, waarom het U My verlaat?** (Matteus 27:46 AFR83). Nie lank daarna nie het Jesus gesterf.

Wat was die sin van al hierdie dinge? Die vroue het nie geweet wat om daarvan te dink nie. Hulle het nog laat daardie Vrydagmiddag speserye en reukolie gaan koop om Jesus se liggaam te balsem vir sy begrafnis, maar toe hulle terugkom het Nikodemus en Josef van Arimatea Jesus reeds in grafdoeke toegedraai en in 'n nuwe graf van Josef gaan begrawe. Aangesien die sabbat daardie Vrydagaand aangebreek het, het die vroue in hulle droefheid besluit om maar tot die Sondag te wag om Jesus se liggaam te gaan balsem.

Nou het die Sondagoggend aangebreek. Baie vroeg, toe dit nog donker was, is die vroue na die graf toe. By die graf aangekom, was die graf oop. Die klip voor die graf was weggerol. En toe hulle in die graf ingaan, het hulle nie Jesus se liggaam gekry nie – net die doeke wat om sy liggaam gedraai was. Wat ook al hier by die graf gebeur het, kon hulle nie die betekenis van die leë graf verstaan nie. Hulle het nie geweet wat om van hierdie dinge te dink nie.

Ons wat die hele Bybel het, sal nou maklik kan vra: Maar Jesus het mos by drie geleenthede voor die tyd gesê dat Hy doodgemaak moet word en dat Hy op die derde dag uit die dood opgewek moet word. Hierdie vroue het dit mos geweet. Waarom was hulle dan so deurmekaar?

In plaas daarvan dat ons hierdie vroue tereg wys, moet ons net vir 'n oomblik na die gebeure in ons eie lewens kyk. Kom ons kyk eers na die opvallende gebeure. Verstaan ons altyd die sin en betekenis wanneer iemand naby aan ons of onself met 'n terminale siekte gediagnoseer word? Nee, ons is net so verward as wat hierdie vrouens was. sien ons die sin in wanneer 'n massiewe ramp ons tref? Nee, ons begryp dit ook nie. Net soos vir hierdie vroue gebeur die dinge vir ons ook soms so vinnig dat dit vir ons voel of dit nie waar kan wees nie. En die dinge wat met ons gebeur, oorweldig ons so dat ons amper outomaties maar net die een ding na die ander doen. Ons is deurmekaar en verstaan nie die sin nie, en tog weet ons ook dat ons hemelse Vader die goeie en die slegte oor ons lewens beskik. So sê Hy by ons doop vir ons, en so bely ons dit ook in ons Kategismus.

Die gebeure van die Donderdagaand af het so vinnig gebeur en die vroue was so oorweldig met die gebeure van Vrydag op Golgota dat hulle nie vir een oomblik gedink het aan wat Jesus voor die tyd vir hulle oor sy dood en opstanding gesê het nie. Toe Sondagoggend aanbreek, het hulle amper outomaties maar net graf toe gegaan om die gebruikelike eerbied aan Jesus te bewys deur sy liggaam te balsem.

Die ongeluk, broers, susters en kinders, is dat nie net die opvallende dinge wat ons skielik oorval ons so deurmekaar maak nie. Ons kom terug na die vrae wat ons aan die begin vir mekaar gevra het. Het die lewe nog vir jou en my sin? Dit lyk soms asof ons die een dag na die ander dag maar net voortploeter, selfs in ons daaglikse werk. Outomaties doen ons maar wat gedoen moet word. Ons het so afgestomp geraak dat dit lyk asof ons nie 'n toekoms sien nie. Luister maar net hoe negatief is ons oor die dinge wat in ons eie land gebeur. Ons grootmense is negatief en ons kinders word in so 'n negatiewe atmosfeer groot. Hulle sien ook nie meer 'n toekoms raak nie. Ek dink dit is waarom 'n mens so baie matrikulante kry wat selfs nog in hulle eindeksamen nie weet wat hulle die volgende jaar gaan doen nie. Hulle sien nie 'n toekoms nie, daarom is daar nie entoesiasme nie.

Hulle skryf nou maar matriek omdat hulle in matriek is. Die sin van wat hulle doen, kom nooit by hulle op nie.

Miskien nog ernstiger, en dit is waaraan elkeen van ons persoonlik en almal gesamentlik aandag sal moet skenk: Waarom bestaan ons nog as die Gereformeerde Kerk, en meer persoonlik: Waarom bestaan ons as die Gereformeerde Kerk Bellville? Ons hou eredienste, katkisasie en Bybelstudie, maar wat het hierdie verkondiging van die Here se Woord al in ons lewens veroorsaak? Of het hierdie dinge maar outomatiese handeling in ons lewens geword? Ons doen dit omdat ons dit nog altyd doen, of doen ons dit omdat ons weet ons Here lewe. Doen ons dit omdat ons weet dat ons lewende Here Jesus is besig om sy koninkryk te vestig in ons eie lewens en in hierdie wêreld? Kan mense uit ons doen en late agterkom dat ons weet ons is op pad na die wederkoms van ons Here omdat Hy uit die dood opgestaan het?

Geliefdes, ons troue God het hierdie vroue nie maar in hulle verwarring laat staan nie. Hierdie vroue moes immers vir die apostels die goeie nuus gaan vertel dat Jesus uit die dood opgewek is. Die apostels moes immers as predikers gaan verkondig dat Jesus Christus inderdaad die volle prys vir die mensdom se sondes by God betaal het. Dit is hoekom Jesus mos uit die dood opgewek is. Daar is dus nie net vir sommiges, soos Maria Magdalena, verlossing nie maar vir almal wat waarlik in Jesus Christus glo. Daarom het God twee engele gestuur om vir die vroue nie iets nuuts te sê nie, maar om hulle te herinner aan wat hulle eintlik weet. God stuur twee engele, want in die mond van twee of drie getuies staan die waarheid vas.

En kyk nou wat sê die engele vir hulle:

Onthou hoe Hy met julle gepraat het toe Hy nog in Galilea was en gesê het: Die Seun van die mens moet uitgelewer word in die hande van sondige mense, gekruisig word, en op die derde dag opstaan (Lukas 24:6-7 AFR83).

Die engele herinner hulle net aan die woorde van Jesus, hulle Verlosser. En dit is die woorde van Jesus wat weer sin en betekenis aan hulle lewens gee.

Die vroue het Jesus se woorde onthou en van die graf af weggegaan en al hierdie dinge vir die elf dissipels gaan vertel. Hulle het gaan vertel dat die graf leeg is, want Jesus het opgestaan. Maar dit is nie al nie. Hulle het ook dit wat van die Donderdagaand af gebeur het weer vertel omdat hulle alles nou in perspektief gesien het. Alles wat gebeur het, was nie so sinloos as wat dit vir hulle gevoel het nie. Alles het inderdaad tog sin en die betekenis daarvan is dat hulle wat waarlik in Jesus Christus glo volkome verlos is van hulle sonde en van die mag van die duivel.

Hulle lewe het nou opnuut betekenis, want hulle kan ander mense van hierdie goeie nuus vertel. En deur die aanhoor van die Woord van die Here bring die Heilige Gees nog mense tot geloof in Jesus Christus en so maak Jesus sy koninkryk vol met al die mense vir wie hy aan die kruis gesterf het. Nou doen die vroue nie meer die een ding na die ander outomaties so asof daar geen toekoms is nie. Doelgerig is hulle besig, want daar het 'n nuwe toekoms vir hulle oopgegaan met die opstanding van Jesus uit die dood.

Nou kom ons terug na ons toe, geliefdes – ons wat die hele Bybel het. Hierdie vroue het nog nie van die heerlike toekoms geweet wat vir ons gelowiges wag nie, maar ons weet dit. Ons weet Jesus gaan terugkom op die wolke van die hemel. Dan gaan Hy al sy en ons vyande vir altyd in die hel gooi waar die vuur nooit ophou brand nie. Vir ons gaan Hy finaal van al ons sondes bevry sodat ons sondeloos saam met Hom en sy Vader op die nuwe aarde kan lewe om Hulle te loof en te prys. Dan is daar nooit meer siekte en swaarkry nie, nooit meer pyn en dood nie. Dit is die toekoms van die ewige lewe wat daar vir ons oopgegaan het met die opstanding van Jesus uit die dood. Daarheen is ons as gelowiges en ons as Gereformeerde Kerk Bellville ook op pad. Sien ons uit daarna? Ek is seker ons almal sal graag daar wil wees. Ons wil graag in hierdie groot nuwe toekoms wees waar die vreugde en blyskap in die Here net nooit sal ophou nie.

Maar die voorreg wat ons gelowiges het, is dat hierdie toekoms nie net daar ver is nie. Die Heilige Gees maak hierdie nuwe toekoms nou al deel van ons lewe. Elke dag wek Hy ons meer en meer op uit die doodsheid wat die sonde oor ons gebring het. Hy maak elke dag ons lewe meer en meer nuut met die Woord van die Here. Elke dag maak Hy ons meer en meer gewillig en bereid om vir die Here alleen te lewe. Met die Woord van die Here gee Jesus ook weer sin en betekenis aan ons lewens. Met sy Woord wil Jesus elke dag sin en betekenis aan ons lewens gee. Daarom het ons sy Woord in ons eie taal gekry en het Hy sy Gees aan elke kind van God gegee. Die Here wil nie hê dat ons lewens 'n doellose geploeter word nie.

Alles wat Hy met ons laat gebeur, is sy besondere werk om ons meer en meer gereed te maak om in die grootsheid van sy koninkryk in te gaan. Alles wat ons doen, hoe klein en nietig ons werk ook vir ons mag lyk, is werk wat die Here gebruik om ook ander mense gereed te kry vir sy koninkryk.

Die Here stuur nie sommer weer vir ons engele om ons te herinner aan sy woorde sodat ons sin in alles kan raaksien nie. God die Heilige Gees is self in ons en ons het elke dag sy Woord. Kom ons hou aan bid dat die Heilige Gees vir ons die sin en betekenis van alles sal laat begryp. Kom ons vra Hom om ons entoesiasties te maak, opgewonde te maak om te werk en te lewe as gelowiges en as kerk. Ons het alle rede om opgewonde te wees: Jesus Christus het opgestaan uit die dood!

Amen!

Gebed

Skrifberyming 8-1:1, 2 (14:1, 2)

- 1 "Water sal ek op hul sprinkel, / water uit 'n springfontein".
En van alle onreinighede / was die HEER sy volk dan rein.
"Nuwe harte gee 'k aan julle, / en Ek gee 'n nuwe gees;
'k sal die hart van klip verwyder, / aan jul gee 'n hart van vlees.
- 2 "k gee my Heil'ge Gees aan julle, / wat die krag verleen en trou
om te wandel in my weë / en my wet te onderhou.
En jul sal die land van seën / deur my seën weer verkry
waar 'k 'n God sal wees vir julle, / jul 'n volk sal wees vir My."

Die genade van die Here Jesus Christus en die liefde van God en die gemeenskap van die Heilige Gees bly by u almal.

Amen.

Ds Coenraad Vrey
Gereformeerde Kerk Bellville
31 Maart 2013
Opstandingsondag